




DIE ENIGSTE OMDRAAI OP
KROMDRAAI IS 'N RESPEKVOLLE
TERUGKYK NA 'N STUK
EEUE OUE GESKIEDENIS WAT
DIE GESTROOPTHEID VAN DIE
MODERNE WONING VOORSE.

TWEEDENATUUR

FOTO'S: MERWELENE VAN DER MERWE
WOORDE: ANNEMARIE MARAIS
PRODUKSIE: ANNEMARIE MEINTJES
ENGLISH TEXT: P. 182 - 190



DIE NATUUR KOM EERSTE. En veral hier op Kromdraai aan die verste westelike uithoeke van Johannesburg, want dit is hier waar die wieg van die mensdom vasgepen is.

Dié geografiese gegewe, sê argitek Johan Bergenthuin, het gevra om met respek benader te word: agting vir die eeue oue bodem wat deel is van 'n gebied wat plekke insluit soos Sterkfontein en Swartkrans waar waardevolle fossielvondste gedoen is. Dit is net meer as twee jaar gelede saam met onder meer Robbeneiland tot Wêrelderfenisgebied verklaar.

Dié respekvolle benadering was ook in pas met die opdrag van sy kliënte dat die natuurlike omgewing te alle tye, uit alle moontlike hoeke, voorrang moet geniet en die bo-toon moet voer.

Daarby is dit 'n uitdaging vir 'n argitek as sy kliënte klinkklaar weet wat hulle wil of nie wil nie – en 'n pluimpie as jy daarmee vertrou word. Voeg hierby vakkundiges wat onder die beste in die bedryf tel, en die resultaat is een van algehele uitnemendheid. Johan, van die Johannesburgse firma Louis Louw Johan Bergenthuin Argitek, is geskool in die modernisme en sê hy omarm telkens dié ontwerpbeginnsel as 'n verwysing na ruimte en tyd.

“Dit is 'n ruimte,” wys Johan met 'n armswaai na die terrein met 'n amper onopmerklieke helling wat steiler val na die ooste. Die tyd, weet 'n mens, is álles.

Johan het kontinuïteit met 'n vergange era verseker deur een van die oorspronklike geboue op die terrein te behou, 'n klein plaasopstal tekenend van die Transvaalse boustyl. Die kenmerkende afdak aan die een kant van die huisie is aan die ander kant herhaal, en die resultaat is een deurlopende ruimte wat na weerskante wen.

Johan sê hy het aanvanklik gespeel met die gedagte om 'n dominerende gebouekompleks te ontwerp wat op verskillende asse tot mekaar sou spreek. Die uiteinde was al dié begrippe, maar sonder die dominerende aspek. En inherent aan die kompleks is gestroopte eenvoud.

“Argitektonies gesproke kan die Kaapse barok-boustyl seker as die ideaal beskou word,” sê Johan met die tong ligweg in die kies, “omdat dit die landskap so oorweldig. Maar om so iets hier te doen, sou heiligsennis wees.”

Die hoofhuis bestaan uit die leefruimtes. Dié ruimtes word gelykgestel aan die natuurlike omgewing deur talle skuifdeure en soliede houtpanele wat na buite oopgegooi word. Die vloeroppervlak binne is afgewerk met Spaanse sandsteen wat die effens verweerde houtdek wat die stoep vorm, komplementeer.

Die houtdek, verduidelik Johan, is met opset bo die grond aangebring sodat respek vir moeder aarde daardeur vergestalt

VORIGE DUBBELBLAD (REGS): Pas is 'n mens in die huis of jy word na buite genooi deur die 4m hoë skuifdeur wat na die swembaddek lei. Die tafel, rusbanke en klein tafeltjies is doelontwerp en -vervaardig. **DIÉ DUBBELBLAD (LINKS):** Die houtkunswerk bo die vuurherd in die hoofslaapkamer heet S.T. VII en is die handewerk van Enric Pladevall, 'n Spaanse kunstenaar. **REGS:** Die kombuiseenheid is vervaardig deur O & R Exclusive Creations. Die krane is uit die Hansgrohe reeks van Philippe Starck en beskikbaar by Personalised Bathrooms. Die vase is in pas met die gestroopte kleurskema van staal, hout en leer. Soortgelyke vase is te kry by @home en Loads of Living.

word. Insgelyks versinnebeeld die podium waarop die huis staan, die beginsel van ampere onskendbaarheid van die natuurlike bodem.

Die verloop van die tyd word ook uitgebeeld deur die gebruik van ruwe houtdeure en -panele wat wit geveerf is – so asof dit geslagte reeds in die familie is. Teenoor die witgeveerde houttekstuur is die mure afgewerk met kalksteenkleurige sementpleister wat 'n subtiele kontras verskaf, maar nie meeding met die omliggende natuur nie. Binne word buite, aldus Johan.

OP TERLOOPSE ASSE MET DIE HOOFHUIS IS DIE HOOFLAAPKAMER EN DIE GASTE-EENHEID. Eersgenoemde word deur 'n loopvlak – oordak, maar oop na die kante – met die hoofhuis verbind. Johan moes sy aanvanklike plan om hier glaspanele te gebruik, laat vaar vanweë sy kliënte se wens om die natuur te laat binnekom.

Die hoofslaapkamer word soggens in die oosteson gebaai, en dis ook in dié rigting waar die uitsig lê. In die teenoorgestelde rigting, beskut deur die plantegroei, is die badkamergedeelte wat oopmaak na nog 'n houtloopvlak, wat op sy beurt na die buitestort lei. Sit 'n mens langs die kaggel in die slaapkamer, is die uitsig opnuut te kry deur 'n venster wat strategies laag geplaas is

en om die hoek van die gebou vou.

Vir Johan was dit belangrik dat die gaste-eenheid nie moes lyk soos 'n mini-weergawe van die hoofhuis nie. Dié kordate geboutjie langs 'n stroompie, het twee slaapkamers en 'n leefruimte. Privaatheid word gewaarborg deurdat Johan die vlak van die leefruimte gebruik om dié van die slaapkamers as 't ware in twee te sny: wat 'n mens sien as jy op die ingeboude rusbank sit, is die trappe – bo is te hoog en onder te laag om te kan afloer.

Tesame met ruimte en tyd, kompleksiteit en eenvoud, is lig die groot dikteerder op Kromdraai. Die verandering is telkens ten beste: van die belowende vroegmôre tot dié ryk romerigheid laatdag. Dit speel teen die hoë skuins plafon in die hoofleefruimte, koester die gestroopte lyne en plunder enige oorbodigheid. “Die ruimtes spreek dan vir hulself, soos dit moet,” sê Johan. **V**

• Louis Louw Johan Bergenthuin Argitek: Sel 083-455-2483, tel. (011) 781-3663, faks (011) 781-3661, adres: Oaklaan 252, Ferndale, Randburg 2194.



DIE OPDRAG WAS DAT DIE NATUURLIKE OMGEWING TE ALLE TYE, UIT ALLE MOONTLIKE HOEKE, VOORRANG MOES KRY.






VORIGE DUBBELBLAD: Binne en buite as een begrip. Soos al die meubels in die huis, is dié in die leefkamer vervaardig na 'n ontwerp deur die eienaars. Die stapel hout kom van 'n witstinkhout (*Celtis africanus*) wat omgeval het — nooit word een van die bome op die eiendom afgekap vir vuurmaakhout nie. Onder die vaderlandswilg (*Combretum sp.*) is 'n Sanufo dagbed uit die Ivoorkus. HIERDIE DUBBELBLAD (LINKS): 'n Vaderlandswilg hou wag. BO: Nupe potte uit Nigerië langs die loopvlak tussen die hoofhuis en die hoofslaapkamer. Die dek van Balu uit Indonesië is nie vernis nie sodat dit kan verweer. Dit is vervaardig deur Leisure Deck. Die inheemse olyfboom (*Olea africanus*) is vermoedelik 200 jaar oud. Die landskapargitektuur is gedoen deur Real Landscapes na 'n ontwerp deur Patrick Watson.



TIEN VRAE

JOU INSPIRASIE? Goeie ontwerp en kuns wêreldwyd. Die musiek van komponiste soos Egberto Gismonti en Alkan.
JOU GUNSTELING-RUIMTE? Reg onder de hoofkoepel van die St. Paulus-katedraal in Londen waar die grafskrif van Christopher Wren lees: "If you want to know what the man did who is buried here – just look around you!"
WAT MOET DIE OORWEGENDE INDRUK VAN JOU ONTWERPE WEES? Dit moet terselfdertyd eenvoudig en kompleks wees, die terrein respekteer en die kliënt subtiel verheerlik.
DIE BELANGRIKSTE KLEUR IN JOU PALET? Swart – dit laat alle ander kleure leef.

VEREENSELWIG ONTWERP MET 'N SMAAK OF GEUR. Goeie ontwerpe is soos saffraan.
AS JY IN 'N ANDER STAD AS JOHANNESBURG MOET WOON, WAAR SAL DIT WEES? Kaapstad, want die berg is groot en alomteenwoordig.
ONTWERPHAAT? Pretensieuse idioote.
WAARHEEN BREEK JY WEG? Die Suid-Afrikaanse kusstrook.
WAARNA KYK JY EERSTE AS JY BY 'N GEBOU INSTAP? Alles.
DIE IDEALE KLIËNT? Die ideale kliënt betaal die argitek om vir hom/haar te droom en droom uiteindelik saam.



- 1 Aankoms
- 2 Instap
- 3 Portaal
- 4 Woonkamer
- 5 Kombuis
- 6 Stoep
- 7 Dek
- 8 Swembad
- 9 Skakel
- 10 Slaapkamer
- 11 Bad
- 12 Stort
- 13 Rivier

OORKANTSE BLAD: Die sonstoele is doelontwerp endie swembad is – soos die huis – die werk van die boukontraakteurs H G Te Brake & Seuns cc.
HIERDIE BLAD: In die gaste-eenheid is die rusbank ingebou om te wen aan eenvoud en ruimte. Die kussings is van bruin leer. Teen die muur is 'n Dogon deur uit Mali.

